

Donderdag 27 Oktober

Skrifgedeelte: Galasiërs 3:10-14 (AFR83/20)

Fokus gedeelte: Galasiërs 3:13

Deur die geloof is ons vry van die vervloeking

Die wet was die geskryfte wat die Joodse kultuur bymekaar gehou het. Dit was nie net die tien gebooië waarvan hier gepraat word nie, maar ook die ander voorskrifte en bepalinge. Die wet was daarom voorgehou as die goue standaard waarna jy moes streef, voordat jy waardig was om 'n Jood of deel van Abraham se familie te kon wees.

In sy brief aan die Galasiërs maak Paulus die logiese gevolge van hierdie gedagte baie duidelik. As jy aan die wet wil vashou, moet jy aan die hele wet vashou. As jy die wet wil voorhou as 'n vereiste om deel van die verbond te wees, moet daardie persoon die hele wet nakom. Maar dan moet die nagevolge van die wet ook saam met dit kom.

Almal wat nie alles wat in die wet geskryf staan, volhou nie en dit nie uitvoer nie, val onder 'n vloek. Ons lees 'n gedeelte van daardie vloek in Deuteronomium 28:15 en verder. Dit gee 'n vreesaanjaende beeld wat 'n mens se hele lewe in 'n vloek toevou as jy staatmaak op die wet alleen om jou te red, want almal het gesondig en val kort.

As mens net aan die wet vasgryp, gryp jy ook vas aan die nagevolge van die wet. Dan is jy onder die vervloeking. Maar as jy aan Christus vasgryp, dan gryp jy aan die verlossing vas, want Hy het in ons plek 'n vervloeking geraak. Die nagevolge van die wet is nie meer op ons van toepassing nie, want Jesus het dit vir ons gedra. Deur geloof is ons vry van die vervloeking.

Sing: Skrifberyming 5-4:1-5

Ds. Z van't Zand (Zander) (Kameeldrift)